

2 September - PETRUS

Skrifgedeelte: Matteus 14:22-33

Fokusgedeelte: Matteus 14:28-31

Pas het Jesus ongeveer 20 000 mense met vyf brode en twee vissies gevoed! Dan kom daar beweging onder die mense – waarom nie Jesus openlik as koning uitroep nie? In hierdie omstandighede dwing Jesus sy dissipels om terug te vaar na die oorkant. Hy wou verhoed dat die dissipels met hulle aardsgesinde verwagtinge oor die Messias aan die betoging sou deelneem.

Nadat Hy die skare weggestuur het, het dit begin donker word en gaan Hy na 'n berg om in eensaamheid te bid.

Ondertussen het dit met die oorvaart van die dissipels teenspoedig verloop. 'n Geweldige storm het begin woed. Met al hulle kragte het hulle probeer vooruit kom, maar hulle kon nie vorder nie.

Jesus het in die gebed volhard tot drie-uur in die oggend. Hy het die dissipels nie vergeet nie, maar geweet dat hulle in nood verkeer. Toe gaan Hy na hulle toe deur op die water te loop. Wanneer die dissipels sy helder gestalte op die water sien, het hulle gedink hulle sien 'n spook. Baie bang het hulle hard geskreeu. Dadelik stel Jesus hulle gerus met die woorde: *“Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie.”* Jesus wat daar op die see aangestap kom, sê, in die Grieks, die *EK IS* is op die see. Soos God Hom aan Moses by die brandende doringbos bekend maak, stel Jesus Hom aan sy vermoede dissipels bekend. Hy sê: *“Ek is God!”*

Dadelik verander hulle vrees in heilige ontsag en sien hulle Hom nader kom as die Redder. Die haastige, impulsiewe Petrus is die eerste wat praat. Hy weet dat dit die Here is, maar beproef die waarheid van die versekering met die versoek: *“... as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.”* En die Here sê: *“Kom!”* Petrus stap uit die skuit op die water en loop na Jesus toe. Solank hy sy oë op Jesus hou, gaan dit goed. Toe hy egter na die groot branders kyk, word hy bang en begin sink. In sy nood roep hy: *“Here, red my!”* Nie die krag van Jesus se woord nie, maar Petrus se vertrouwe skiet te kort. Jesus gryp sy hand. Toe bestraf Hy Petrus se kleingelowigheid en twyfel en saam klim hulle in die skuit.

'n Mens mag maar bang wees vir wind en water – daaroor vermaan die Here hom nie – maar jy mag nie twyfel dat Jesus God is nie. Jy mag nie twyfel of Jesus wel is wat Hy sê Hy is nie. Petrus moes leer om sy fokus van homself na die Here te verskuif.

Soms is die lewe soos om op 'n stormsee te roei. Jy probeer met al jou kragte vooruit kom, maar jy vorder nie. Jy probeer die Here navolg, maar dit is soos om op water te loop: jy sink maklik. Soos Petrus fokus ons maklik op onself en op die lewensbranders wat op ons afstorm en is dit vir ons moeilik om te fokus op Jesus Christus. Tog fokus die Heilige Gees ons op die Here, ons Verlosser en Redder, om Hom te volg wanneer Hy op die water van die lewenssee ons toeroep: *“Kom!”*

Sing: Psalm 102:1 (1936-beryming)

Ds JJ de Kock (Vaalharts)